



KAMMANUUS

Nommer 320

16 Januarie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Hier is 'n laat Krismisboks: Stoorplek op jou rekenaar

Hallo julle,

En welkom terug op Onsdorp se skinnerwerf. So met die eerste uitgawe en die intrapslag, hier is sommer 'n baie oulike laat Krismisboks vir elkeen van julle wat al ooit gesukkel het met die berging van data of die rugsteuning (back-up) van jou leggers.

DROPBOX is 'n webwerf wat jou gratis en hoë sekuriteit berging verskaf tot en met 2 GB spasie.

Wat die ding so dêm oulik maak is dat as jy byvoorbeeld 'n dokument in jou DROPBOX lêer op jou eie rekenaar plaas, word hy dadelik op hulle sisteem geberg sodra jy aanlyn is of gaan. Dit word ook ou tamaties op al jou ander rekenaars gebêre. Nooit weer hoef jy jou vrek te soek vir waar jy 'n ding gestoor het nie.

Dis al nie. Jy hoef nou nie meer enige aanhangsels saam met jou e-pos uit te stuur nie. Jy stuur net die skakel wat jy saam met elke dokument kry wat jy in jou lêer DROPBOX plaas. Die betrokke persoon of instansie aan die ander kant laai dit direk van die net af. So maklik soos uit 'n boom val. Al jou elektroniese eendjies in een hok. So het ek gister byvoorbeeld my en kamermaatjie se ID-afskrifte vir ons prokureur 'gepos'.

Hier is nog 'n voorbeeld: Tik hierdie die skakel in en gaan kyk na die dokument in my Dropbox bergingswerf. Jy kan so 'n geskenkbewys van R100 by Kalahari.net wen. Stuur net vir my die kode wat jy gaan vind in die dokument. Pos jou antwoord aan: Pos@onsdorp.com met **DROPBOX** as onderwerp. Hier is die skakel: <http://dl.dropbox.com/u/50438474/KAMMANUUSDROPBOXWEDSTRYD.doc>

En hier is die aflaaishakel indien jy miskien daarna belang gaan stel om die gratis DROPBOX funksie op jou eie stelsel te plaas: <http://db.tt/ANCT7cHQ>

En nou, 'n boodskap aan al my **Linksgesinde en Liberale** vriende:

Aanvaar hiermee asseblief sonder verpligting, bedag of onbedag, met of sonder voorbedagte rade, my beste verwagtinge dat julle 'n ieder en 'n elk 'n omgewingsvriendelikgesinde, sosiaal verantwoordelike en aanvaarbare, laespanning, nie verslaafbare, geslagsgelyke viering van die Somer se 'battery-laai' vakansie agter die rug het. Dat julle ongeskonde en heelhuids terug is in die tuig, nie dat ek enigins wil of kan voorskryf aan enige iemand nie om terug te moet wees by die werk of huis nie.

Hierdie verwagting van my weens julle geskied binne die raamwerk van die mees genotvolste van tradisies van die geloofsoortuigings en druk, van/en/of die sekulêre praktyke van jou keuse, met respek en inagneming van/vir die godsdienstige/sekulêre druk en/of tradisies van andere, of hul keuses om wel, of nie, daaraan deel te neem al dan nie, sowel as aan enige ander geloofsaktiwiteite en/of sekulêre tradisies van hul /jul keuses.

Ek wens jul ook 'n fiskale sukses toe, persoonlike vervulling van versugtinge en 'n oormaat genoegdoening, indien jy dit sou verkies. 'n Mediese ongekompliseerde toekoms in herkenning en met inagneming van/met die begin van die algemeen aanvaarde jaar wat voorlê, genaamd 2012.

Hierdie wens word ook nie gerig sonder inagneming van en/of tot benadeling van enigeen t.o.v. geslag, kleur, oriëntasie, ouderdom, fisiese en ander gestremdhede al dan nie, geloof oortuiginge, politiese alliansies en of seksuele voor of afkeure nie.

EN

Aan al my Regsgesinde en Konserwatiewe vriende:

'n Voorspoedige Nuwe Jaar!

Met beste welmenende groete,

Hennie Greeff

Doha, Katar – tans in Suid-Afrika

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

Jy is dalk 'n boer as . . .

- Jy op die 5de Junie nog 'n kortbroek dra
- Jy dink metro-man is die nuwe naam vir moffies
- Jy verwys na 'n mof as 'n skaap en 'n moffie as 'n metro-man.
- Jou jaarlikse dankoffer skaapmowwe, bees of graan insluit.
- Jou werknemers jou 'Lanie' noem en jy nie omgee nie.
- Jy die weer beter kan voorspel as die SABC.
- Jou radio iewers tussen 100 en 103 staan.
- Jy meer buite pie as in die huis.
- Jy elke keer moet gaan was en mooi aantrek as jy 'n kar hoor aankom.
- Jy die woord 'jel' net gebruik in sinne soos 'jel, maar dit is koud' of 'jel, maar nou is ek honger'.
- Jy naastenby enigiets kan regmaak met isoleerband, 'n tang en 'n stukkie binddraad.

OUPA EN OUMA SE ANTWOORDMASJIE

Goeie môre! Ons is nie tuis nie, maar laat asseblief 'n boodskap ná die toon. As jy een van ons kinders is, druk die nommer kind wat jy is en dan een van die opsies:

1. As ons die kleinkinders moet kom oppas, druk 2.
2. As julle ons kar wil leen, druk 3.
3. As julle wil hê ons moet julle klere was en stryk, druk 4.
4. As julle wil hê dat die kleinkinders by ons moet kom slaap, druk 5.
5. As julle wil hê dat ons die kinders by die skool moet gaan haal, druk 6.
6. As julle wil hê dat ons vir julle 'n maaltyd moet voorberei of dit by julle huis aflewer, druk 7.
7. As julle hier wil kom eet, druk 8.
8. As julle geld nodig het, druk 9.
9. As julle ons vir ete gaan nooi, of ons teater toe wil vat, begin praat, ons luister.


Slim Idees

Hou op om jou vingers raak te kap



Hoekom 9?

V: Hoekom is iemand wat baie gelukkig is op 'cloud nine'?
A: Wolke word genommer volgens die hoogtes wat hulle bereik, en wolk nommer nege is die hoogste. Iemand op hierdie wolk dryf ver bokant sy wêreldse bekomernisse.



Sêgoed oor die Franse

"Om saam met die Franse oorlog toe te gaan is soos om met 'n akkordion te gaan jag."

-- **Norman Schwarzkopf**

Al wanneer die Franse wil oorlog maak, is wanneer die Duitsers in Parys sit en tee drink."


-- **Regis Philbin**

"Jy weet, die Franse laat my nogal dink 'n verdouerende aktrise van die 1940's wat nog op haar voorkoms wil gaan uiteet, maar net nie meer die gesig daarvoor het nie. - **Anonieme Amerikaanse senator**

Oorlog sonder Frankryk sal wees soos Wêreldoorlog II. - **Anoniem**

"Het jy geweet die Duitsers het Frankryk in die Goort Oolog binne drie dae ingeneem - en dis omdat dit gereën het." - **John Exereas**

Ek verkies 'n Duitse divisie voor my bo 'n Franse een agter my. - **Genl. Patton**



Superprys vir Superman

'n Eksemplaar van die eerste uitgawe van Action Comics, waarin Superman aan die wêreld bekend gestel is, is in 'n aanlyn-veiling vir 'n rekordbedrag van \$2,16 miljoen (meer as R17 miljoen) verkoop. Die strokiesboek het in 1938 tien Amerikaanse sent gekos. Die afslaer het die boekie se waarde op \$1 miljoen gestel. Daar bestaan na raming 100 sulke boekies.



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Swets help die pyn verwerk



VOLGENDE keer as jy jou voet stamp of jou duim raakslaan: Moenie op jou tong byt nie. Laat waai!

Wetenskaplikes van die Keele Universiteit het gevind dat 'n rymplek waarin daar geen mooi woorde voorkom nie 'n pynstillende effek het – veral as jy iemand is wat jou as 'n reël nie aan kragwoorde vergryp nie.

Om die teorie te toets, het studente hul hande vrywillig in 'n bak yswater gestee terwyl hulle die water as 't ware warm gevloek het. Hulle het daarna die aksie herhaal, maar net 'n paar onskadelike frases geuiter. Die swetsende studente het hul hande aansienlik langer in die yswater kon hou – wat die skakel tussen slegte taal en 'n slegte gevoel bevestig het.

Hulle het ook gevind dit is vier keer moontliker dat die pynstillende effek verkry sal word deur vrywilligers wat nie gewoonlik swets nie. Die wetenskaplikes glo dit kan toegeskryf word aan die "veg of vlug"-reaksie.

Hulle het gesê hulle het bewys dat lelike taal 'n emosionele sowel as 'n emosionele reaksie veroorsaak, en dat dit dalk die rede is hoekom die eeu-oue praktyk van swets ontstaan het en nog bestaan.

Raar maar waar in 2011

DIE JAAR 2011 het ook sy kwota vreemde stories opgelewer. Hier is 'n paar van hulle:

♦ 'n Twaalfjarige seun en Britse leerling het met 'n romp by die skool opgedaag – sy verset teen die skoolreël wat seuns verplig om ook in die somer langbroeke en nie kortbroeke nie te dra.

♦ In Duitsland het 'n ondernemende koei met die naam Yvonne ontsnap uit 'n kudde wat vir die slagpale bedoel was. Sy het die polisie en die media drie maande lank om die bos gelei. Toe sy uiteindelik aangekeer is, is daar besluit om haar in 'n toevlugsoord vir diere te plaas.

♦ Brittanje het een van sy grootste toenames in kragverbruik tot nog toe ontdek toe die TV-dekking van die land se koninklike huwelik naby sy eiende was. Tegnici skryf dit daaraan toe dat meer as 'n miljoen mense hul ketels gelyktydig aangesit het om tee te maak.

♦ Radioluisteraars in Israel het geluister na 'n onderhoud met minister Avigdor Lieberman wat by sy huis gevoer is. Teen die einde van die onderhoud kon hulle duidelik hoor hoe die toilet spoel.

♦ 'n Jong Australiese meisie wat die internet gebruik het om 'n ope uitnodiging na haar 16de verjaardag te rig, moes die partytjie kanselleer nadat 200,000 mense die uitnodiging aanvaar het.

♦ 'n Hollander wat met sy duur sportmotor teen byna 300 km/h op 'n Belgiese hoofweg gejaag het, is gevang omdat hy dit nie kon weerstaan nie om beeldmateriaal van onder meer sy spoedmeter op die werf YouTube te laai.

♦ 'n 36-jarige Italiaanse vrou het 'n maand ná die troue 'n egskeiding versoek omdat haar bruidegom daarop aangedring het dat sy ma hulle op hul wittebrood vergesel.

♦ Bywoners van 'n vergadering in die Verenigde Nasies was verbaas om te hoor hoe Indië se minister van buitelandse sake liries raak oor Portugeessprekende land. Hy het eers ná drie minute agtergekom dat hy besig was om van die teks van sy Portugees eweknie te lees.

GROEP SÊ DIT WAS NIE RASSISTIES

'n Teeparty-groep in Kansas het gesê hul beskrywing van pres. Barack Obama as 'n muishond was satire, en nie rassisme nie soos 'n menseregtegroep dit beskryf het.. Die groep het op hul webwerf geskryf dat die muishond nes Obama is: half swart, half wit en amper alles wat stink.

Volgens hulle het die voormalige vise-presidentskandidaat Sarah Palin baie erger beledigings verduur.



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



GEE HOM 'N BELLS!

Die man het sy skelmpie se nommer onder LOW BATTERY op sy selfoon gestoor. Elke keer as die skelmpie in sy afwesigheid bel, gryp sy die selfoon en prop hom in om te herlaai.

OEPS!

Koos sit met die burgemeester en sy vrou aan tafel toe hy per ongeluk 'n wind los.

"Hoe durf jy?" raas die burgemeester. "En dit nogal vóór my vrou!"

"Jammer," sê Koos. "Ek het regtig nie geweet dis haar beurt nie."

DOODSBERIG

Toe haar man sterf, het die weduwee die gewone doodsberig in die koerant geplaas, en bygevoeg dat hy aan gonorree dood is.

Die volgende dag bel 'n familielid en kla bitterlik: "Jy weet hy is aan diarree dood, hoekom staan daar gonorree?"

Antwoord sy: "Ek het hom dag en nag verpleeg, en natuurlik weet ek hy is aan diarree dood. Maar ek het gedink dit sal beter wees as die nageslag hom onthou as 'n groot vryer, eerder as die groot stront wat hy altyd was."

DAPPER MAN

Dit was al laat toe die ontstoke vrou haar afwesige man bel.

"Waar de hel is jy?" vra sy briesend.

Man: "Onthou jy daai juwelierswinkel waar jy so dol was oor die diamant-halsnoer? En hoe ek dit nie kon bekostig nie, maar gesê het dit sal eendag joune wees?"

Vrou, afwagtend: "Ja, my liefie, ek onthou dit baie goed."

Man: "Wel, ek is nou in die kroeg oorkant daai winkel."

ROMANTIESE SMS

Die man en vrou het 'n hewige uitval gehad. Hy probeer opmaak en stuur die volgende SMS:

"My lief

As jy slaap, stuur my jou drome.
As jy glimlag, stuur my ook 'n glimlag.
As jy huil, stuur my jou tranes.
Ek is lief vir jou."

Die vrou, nog boos, antwoord:

"Ek's in die toilet - wat moet ek vir jou stuur?"

VERKEERDE WENNER

Man: "Hallo? Hallo, is dit die polisie?"

Polisie: "Ja, dis die polisie."

Man: "Hel ouens Julle moet kom help!"

Polisie: "Hoekom meneer, wat's fout?"

Man: "Hier's groot moeilikheid. Twee meisies baklei oor my!"

Polisie: "Nou wat's die fout dan, meneer?"

Man: "Die lelike een wen! Julle moet blergie gou maak!"

Die Towenaar van Id deur Parker





Die dilemma van Julius Malema

Die president van die ANC jeugliga, Julius Malema, stap by FNB bank in en vra om 'n tjek vir R20,000 te wissel.

Kassier: "No problem Sir. Could you please show me your ID?"

Malema: "Well, I didn't bring my ID with me as I didn't think there was any need. After all, I am the President of the ANC Youth League."

Kassier: "Yes, I know who you are, but with all the regulations, I must insist on seeing your ID."

Malema: "Just ask anyone here who I am and they will tell you. They all know who I am."

Kassier: "I am sorry, but these are the bank rules and I must follow them."

Malema: "Is there some other way around this?"

Kassier: "Look, here's what we can do: a while ago now, Caster Semenya walked into the bank without her ID. To prove she was Caster she ran around the block in under 50 seconds.

"Another time, François Steyn came in without his ID. He yanked out a rugby ball and kicked it just under 150 m right into Nedbank's yard. After that absolutely spectacular kick we cashed his cheque. So, what can you do to prove to me that you are really who you say you are?"

Malema bly lank staan, krap sy kop, trippel rond en ná wat na minute gevoel het, sê hy, "My mind's a complete blank. Honestly, I can't think of a single thing."

Kassier: "Would hundred rand notes be OK, sir?"



REAGANISMES

- Sosialisme werk net op twee plekke: In die heme!, waar dit nie nodig is nie, en in die hel, waar hulle dit reeds het.
- My strategie vir die Koue Oorlog is: Ons wen, hulle verloor.



Will Rogers se sêgoed

Will Rogers, wat in 1935 in 'n vliegongeluk gesterf het, was 'n cowboy, humoris, sosiale kommentator, akteur in 71 rolprente, rubriekskrywer en een van Amerika se gewildste figure.

Hier is 'n paar van sy sêgoed:

- ▶ Moet nooit 'n man klap wat tabak pruim nie.
- ▶ Jy skop nooit 'n pol beesmis op 'n warm dag nie.
- ▶ Moet nooit die kans laat verbygaan om jou mond te hou nie.
- ▶ Drink altyd stroomop van die trop.
- ▶ As jy jousef in 'n gat bevind, moet jy ophou grawe.
- ▶ Daar is drie soorte mans:

Dié wat leer deur te lees.

Die paar wat leer deur waarneming.

Die res van hulle moet teen 'n elektriese heining water afslaan en self uitvind.

- ▶ Dis makliker om vir jou 'n kat in die sak te koop as om hom daaruit te kry.

OOR OUER WORD


- ▶ Uiteindelik kom jy by die punt wanneer jy ophou lieg oor jou ouderdom en daaroor begin spog.
- ▶ Om jonk te wees is pragtig, om oud te wees is gerieflik.
- ▶ Lank gelede het mense gevloek en die grond met stokke geslaan. Dit was toorkuns genoem. Vandag noem hulle dit gholf.
- ▶ As jy nie leer om vir probleme te lag nie, sal jy op jou oudag niks hê om voor te lag nie.

FEITE OOR ALKOHOLVERBRUIK

HANDLEIDING VIR PARTYTJIES

SIMPTOOM	PROBLEEM	AKSIE
Voete koud en nat.	Glas verkeerd gehou.	Draai glas se oop kant boontoe.
Voete warm en nat.	Swak blaasbeheer.	Soek naaste hond en skel hom uit.
Drankie onnatuurlik smaakloos.	Jou glas is leeg.	Kry iemand om nog 'n drankie te koop.
Die oorkantste muur is vol ligte.	Jy't agteroor geval en kyk na die plafon.	Kry iemand om jou aan die kroegtoonbank vas te gespe.
Jou mond is vol sigaretstompies.	Jy het vooroor geval op die kroeg se toonbank.	Herhaal bogenoemde aksie.
Drankie smaakloos. Hemp nat.	Vergeet om mond oop te maak.	Gaan kleedkamer toe en oefen voor die spieël.
Vloer het dowwe kleur.	Jy kyk deur die leë glas se boom.	Kry iemand om vir jou 'n dop te koop.
Almal kyk na jou en glimlag.	Jy dans op die toonbank.	Val op iemand wat sag genoeg lyk.
Drankie is kristalhelder.	Dis water. Iemand wil jou nugter kry.	Moer hom dik.
Hande en neus erg gekneus. Kop is ongewoon helder.	Jy was in 'n vuisgeveg.	Vra almal om jou om verskoning in geval dit hulle was.
Jou stemmetjie klink pateties en krakerig.	Jou drankie is te flou.	Drink meer tot jou stem verbeter.
Jy't die liedjie se woorde vergeet.	Drankie net reg.	Speel kamma-kitaar.
Die vloer beweeg.	Hulle dra jou by die kroeg uit.	Hoor of hulle jou na 'n ander een toe neem.
Vertrek baie donker.	Die kroeg is gesluit.	Bevestig adres met kroegman.
Taxi se binnekant lyk baie kleurvol.	Jy't te veel gedrink.	Hou jou mond toe.

Ingestuur deur AWIE BADENHORST



Darwin-toekennings 2011

Dis weer tyd vir die jaarlikse Darwin-toekennings - die verering van mense wat hulself vrywilliglik en op die ongewoonste en domste maniere uit die genepoel verwyder het.

Die wenner in 2011 was 'n vuurpylwetenskaplike. Maar eers die semifinaliste: **Semifinalis #1**

'n Jong Kanadese man het 'n manier gesoek om goedkoop dronk te word omdat hy arm was om alkohol te koop. Toe koop hy diesoline en melk. Dit het hom laat opgooi, bo-oor die vuurmaakplek in die huis. Die ontploffing het die huis laat afbrand, en hy en sy suster het albei omgekom.



Deel 10

Ons eerste smakie van Mpacha



DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van sy eerste kennismaking met 'n dooie mens . . .

So laai ons die eerste vragvliegtuig. Ek en 'n ander soldaat word opdrag gegee om 'n lyk van 'n soldaat wat in 'n kis is agter die vliegtuig te laai. Voor word 'n PF (permanent force)se hond in 'n krat gelaai. Diere en lyke mag nie saam in dieselfde ruim gelaai word nie.

Die diere ruik die dood en begin blaf en bemors die vliegtuig. Toe ons die kis optel (ek agter), loop daar 'n klein bietjie bloed uit die kis oor my hande. Met skok sit ek kis neer. Dit is die eerste keer wat ek met 'n kis of die dood te doen het.

"Sammajoor, hier loop bloed uit die kis," sê ek.

"Haal af. Haal af. Die medics moet seker maak alles is skoon voor hulle dit vir ons bring om te laai," sê die sersant-majoor.

So begin my grensdiens. Mpacha was relatief stil in die vier maande. Ons gaan eredienste toe, speel tennis in ons af tye terwyl olifante langs die drade afloop. Ons swem in die bonsai-swembad en in die aande in brandweervoertuie se tenks. Ek speel later rugby vir die lugmag/vloot se gekombineerde A-span.

So word Katimo Malilo (± 25 minute se ry van Mpacha, teen die Zambezi-rivier) een aand gebombardeer. 'n Petrolstasie word erg beskadig. Sekuriteit om die basis en voetpatrollies word verskerp.

'n Maand later word 'n MK2 Impala-vliegtuig afgeskiet met 'n SAM 7. Die vlieënier oorleef. Ons moet hom op 'n vragvliegtuig laai. Hy het ernstige nekbeserings opgedoen omdat die "glasdeur" van die Impala met uitskietstoel nie gewerk het nie.

Ons moet die wrakstukke gaan oplaai en vir veilige bewaring berg. Die enjin is inmekaar versmelt. Ons word opdrag gegee dat niemand mag weet waar die vliegtuig afgeskiet was en/of dat daar wel een afgeskiet is nie.

Die vlieënier het in baie pyn verkeer en het ons hom ook nooit weer gesien nie.

Die vlieënier was in pyn en ons het hom nooit weer gesien nie.

So laai ons wapens, kanonne, lyke ens. op en af van vliegtuie. Ons weet nie hoe die soldate gesterf het nie. Ons doen ook "besprekings" vir die infanterie en ander soldate wat op bosverlof gaan na die States (Suid-Afrika.) Ons besluit op 'n dag dat ons bietjie na die Zambezi-rivier toe wil gaan. Ons is af en ook krokodil en seekoei se baas. Ons besluit later om die water te gaan toets by Hippo-Eiland, bekend vir die seekoeie wat daar geslaap het. Die

Zambezi rivier het om die eiland gevloei.

Die rivier was laag omdat dit buite reënseisoen was. Die grond en walle het soos seesand gelyk. So stap ons die dag oor die rivier tot kniediepte in baie helder water na Hippo-eiland.

Halfpad hoor ons 'n bulderende stem op ons skreeu. "Wat de *** maak julle in die rivier?!"

Ons kyk om en sien 'n oorgewig "standbeeld" wat in ons rigting skreeu en beduie. Hy het siviele klere aan en ons besluit dat ons nie gaan toelaat dat hy so op ons skreeu nie en besluit om aan te stap.

Met 'n woedende stem skreeu die man weer op ons om DADELIK by hom te kom aanmeld. Hmmm, die ou klink darem ernstig, dalk iemand wat gesag het, en ons besluit om uit te klim.

Ons was so sewe soldate wat toe ewe beskeie by die man aanmeld.

"Weet julle wie ek is?" bulder hy.

"Nee", sê ons.

"Ek is die RSM van sektor 70, en in beheer van die vloot, lugmag en infanterie in die Caprivi se dissipline-eenheid!" verskreeu hy ons dat die spoeg soos 'n miswolk om ons staan. 'n RSM was 'n adjudant-offisier met swaardjies, let wel: die klem op swaardjies. Dit gee hom toestemming om ons op te foeter.

Hier kom groot marakkas . . .

KAM 001



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte

BILTONG BOTTERBROODJIES

2 k meel
1 eier
¼ k olie
1 k karringmelk
Knippie sout
50 g fyn biltong

Meng die olie en eier en klits goed. Voeg karringmelk by en meng goed. Voeg laastens meel en sout en biltong by en meng deur. Bak in kolwyntjie pan, 20 min. by 220 °C tot liggoudbruin en gaar. Bedien warm.

KORSLOSE SOUTTERT

(Resep nr. 79 vir 1972)

113 gr koue vleis - fyngekap (ontbytspek, polonie, Weense worsies, ens.)
113 gr gerasperde Cheddar-kaas
1 ui fyngekap
Pietersielie fyngekap
2 eiers
1 k Melk
Sout en peper
1 e Maizena
½ t droë mosterd

Klits eiers in melk in en meng ander droë bestanddele in. Roer vloeistof liggies deur vleismengsel.

Bak in 'n gesmeerde bakskottel in 'n matige oond 180 °C (350 °F) tot deurgaar en ligbruin.

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn.

Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

STAMBOOM

BADENHORST MHoffman@justice.gov.za

Ek is op soek na inligting oor die Badenhorst-familie. My ma was 'n Kruger en my ouma aan pa se kant was 'n Swanepoel. Dit is egter al wat ek weet. My pa was Frederick Johannes en ma Maria Adriana. My ouma aan pa se kant was Louisa Catharina, en my oupa was Cornelis iets aan pa se kant.

COETZEE pierre@raasa.co.za

Op soek na die volgende Coetzee se inligting:

Dirk Gustavus Coetzee, gebore 19 Desember 1989 op Boschpoort, Boshof, Vrystaat; getroud met Catherina Louise Scholtz, gebore 21 Maart 1894, oorlede 13 Julie 1969. Allbei is begrawe in die Boksburg-/Benoni-begraafplaas. Dirk Gustavus se pa was Jacobus Johannes Coetzee, getroud met Johanna Sofia Pretorius (1871-1908) en het op Boshof gewoon.

SLUIT AAN BY DIÉ STAMBOOM

HOLTZHAUSEN helgard_h@hotmail.com

Ek werk aan die stamboom van die Holtzhausen-familie. Ek het al 27 variante van die van opgespoor wat almal nageslagte is van ons stamvader Johann Andreas, wat ongeveer 1729 van Duitsland na SA gekom het. Kontak my sodat jy ook op die stamboom ingesluit kan word!

ROOSEBOOM aevdmerwe@gmail.com

My oupagrootjie J.F.C. Rooseboom het in 1858 van Nederland in die Kaap geland. Hy is hier met Elizabeth van Enter - ook van Nederland - getroud. Enige iemand wat inligting het, kan my kontak.

SCHEMPERS nico.schempers@absawealth.com

Sal enige inligting van die Schempers-familie waardeer.



AGTEROS

Net voor uitspantyd

My Krismis wat nie was nie

"Ek sien net die helfte van die glas,
dan sien ek nie haar gesig nie.
Donner! Dis wat jy taaiming noem."

Deur MARNUS STEYN

Die jaar, plus minus 1972. Dis ek en Nettie (soos haar pa-hulle haar noem) my wyfie en twee gevolge van ons getrouery. Die dag is die GROOT een van die jaar. Die plek: Oosthuizenrylaan, Floracliffe, en die tyd so teen elfuur.

Die Steyns, dis nou ons, pak alles wat ons moet vat innie VW stasiewa. Veral die kos: Die 'niekkosie'-slaai, die 'gehaktballen' soos die Hollanders frikkadelle noem met Nettie se spesiale sous daarby. Maar moet nie haar traafil ooit misloop nie. Dit alles gelaai, en daar trek ons met 'n paar koue bottels borrelwyn.

My 'skoon' ouers, is nie net skoon nie, maar is regtig ware Christenmense met 'n imbors wat van Sarel Ciliers afstam. Dus praat ek van my "suiwer" ouers. 'n Kragwoord bestaan nie in hul woordeskat nie. Ware Vrystaters van oorsprong, tussen Senekal en Paul Roux.

Swaer, en van kosmaak kan jy hulle bokkerol wysmaak. Dit sou weer die 25ste beleef word.

Wat was daar? Skaapboud. Met 'n brood- en speserylaag bedek, die vleis net met 'n paar stukkie knoffel gestop en dan 'langzaam' vir sowat agt ure gebak. En dan ou broer, daai sous! Dit gaan saam soos 'n mooi meisie en 'n bikini.

Dan die varkboud wat my ma gebring het. Haar huishulp, Barend Maponyane, was die koning van varkboud gaarmaak En dan was daar die sous!

Die eetkamertafel was so gelaai dat suiwerpa van die draadheining se hoekpale moes afsaag om die tafelblad te stut. Sels ou Atlas, wat die wêreld op sy skouers dra, het daai dag gevoel daar's fout.

Amper vergeet ek van Ta' Anna se geheime hoenerpastei en naaltjiesous! Dis nou afgesien van al die soorte groentes, Jan-in-die-sak poering en die sous, vrugteslaai en tuisgemaakte roomys met spesiale sous, ensovoorts, ensomeer. Dan het die waatlemoen gelê en wag vir laatmiddag.

Ek het spesiale klem gelê op die souse by die geregte. Verstaan nou mooi, die Steyns eet nie droeë kos nie, punt!

Alles is gereed. My ma stap van die annerkant van die sitkamer na my toe met 'n langglas spanspek vrugtepons. Aanhef het aangebreek. EN toe gebeur DIT!

Ek sien net die helfte van die glas, dan sien ek nie haar gesig nie. Donner! Dis wat jy taaiming noem.

Die MIGRAINE het my bygekome. Nou moet daar vinnig plan gemaak word. Want as jy nie vinnig by jou pille bykom nie dan weet jy, jy gaan k . . . sukkel! Dis nou een moerse kopseer en jy sien flikkers soos buisligte wat stuiptrekkings kry. En as die pil te laat gesluk word, gaan jy die troon in die kleinste vertrek in die huis omarm soos die groot liefde in jou lewe. Op jou knieë sal jy hom voer soos 'n mossie haar kleintjies met hul oop bekkies voer. En ou swaer, vir hierdie Steyn is dit moeiliker om die mossies te voer as om 'n olifantbul met my pinkie op te tel. Ja, as ek begin brul dan vlug al die leeus in die Krugerwildtuin terug Mosambiek toe.



Ek word vinnig huis toe geneem. Ek sluk my Migril-tablet en gaan lê op 'n bed. Ek wag vir iets om te gebeur of nie te gebeur nie. Maar gebeur, gebeur dit toe. Ek kry nie genoeg asem nie. Die suurstof trek net so drie duim in my longe in. Ek voel ek gaan omkap. Gaan sit op die rand van die bad en gooi my gesig nat sodat ek nie 'wegraak' nie.

Ek forseer myself om asem te haal. Ek besef as ek gaan uitpaas, kry my mense 'n lyk in die badkamer. Ek sou eerder die emmer wou skop op n sagte mat. Dit sal seker 'n warmer dood wees as op die koue teëls!

Wonder bo wonder kom ek reg. Gaan lê op die bed en raak aan die slaap. Van die Kersdag-samesyn, met die familie van omtrent vyftien, het ek niks gehad nie.

Maar soos ek die suiwerfamilie ken, het hulle 'n bord kos en nagereg saam met Nettie vir my gestuur. Die volgende dag sou ek my ten minste my verlustig aan die heerlikhede van die vorige dag.

Ek gaan kyk in die koelkas, maar sien niks nie.

Ons huishulp se naam was Maria.

"Maria!" roep ek haar. 'Het jy hier in die yskas 'n bord kos en poeding gesien?"

"Ja, baas, ek wou nog kom 'dankie' se vir die kos. Dit was baie lekker!"

Dit was 'n onvergeetlike Kersfees wat amper die dood in meer as een opsigte ten gevolg gehad het.

Wat was die les wat ek geleer het?

Moenie op Kersdag migraine kry nie.

Moenie allergies word vir Migril tablette nie.

Moenie 'n huishulp met die naam Maria in diens neem nie!

Wat was die positiewe aspekte?

Ek het nog nie weer op Kersdag migraine gekry nie.

Ek gebruik nou 'n ander soort tablet.

Maria het die kos geniet!

En ek het nie moord gepleeg nie.

EINDE. FINIS. PELLIELE.
Ons maak weer so op 30 Januarie 2012